


Leesbegrip

Dieretuine/Hannes en die koek/Zak bak
koekies

LeerAfrikaans123





(a)



Hierdie uiteensetting kan regdeur gebruik word by prente en stories om leesbegrip te verbeter.

Dieretuine

Dieretuine is plekke waar diere in hokke gehou word en waar besoekers hulle kan kom besigtig. Dit klink nogal wreed, maar dieretuine dien 'n baie belangrike doel. Sommige dieretuine het teelprogramme vir bedreigde dierspesies sodat die diere van uitwissing gered kan word. Daar word voorspel dat diere soos die panda, waarvan daar nog bittermin in die natuur oor is, later net in dieretuine sal oorleef. Suid-Afrika se bekendste dieretuine is die Pretoriase Dieretuin en die Johannesburgse Dieretuin.

Is diere ongelukkig in 'n dieretuin?

- **Sien uiteensetting van leesbegrip vrae, ens. na Hannes en die koek.**



(b)

Die koek

Hannes is lus vir koek.
Hy loop kombuis toe.
Hy loer op die rak.
Daar staan 'n lekker koek.
Hannes klim op die rak.
Hy haal die koek af.
Die koek gly en val!
Hier kom Mamma aan.
Sy maak die deur oop.
Daar lê die koek op die vloer.
Hannes skrik en hardloop weg.

Uit Loots, Neethling, Rutherford, Schoeman, Slabber & Visser.
(1995). *In die tuin: Eerste aanvullende boek by "By die huis"*
Pierewiet – reeks,

1. Voorspelling van gebeure (Stap I)

Voorbeelde:

- Kyk na die prentjie en/of die opskrif.
Waaroor dink jy handel hierdie leesstuk? (A+B)

2. Afleidings maak ("to read between the lines")

Die inligting is nie duidelik in die leesstuk uitgespel nie.

- Hoekom het Hannes geskrik toe Mamma inkom? (B)

- Is die skrywer van die leesstuk gekant daarteen dat diere in dieretuine aangehou word?
- Gee redes vir jou antwoord. (A)

3. Agtergrondkennis

Voorbeelde:

- Skryf vyf woorde neer, waaraan die titel van die verhaal jou laat dink.
(A+B)
- Was jy al voorheen in 'n dieretuin?
- Het jy al voorheen van 'n dieretuin gelees of gehoor? (A)
- Wat dink jy het Mamma gesê toe sy die koek op die vloer sien lê? (B)

4. Monitor van aanvanklike voorspellings

Voorbeeld:

- Het dit wat jy voorspel het, gebeur?
(A)
(B)

5. Identifisering van die leesdoel

Voorbeeld:

- Waarom gaan jy die leesstuk lees?

6. Die gebruik van visuele leidrade

Die antwoorde van hierdie tipe vrae kan slegs gevind word deur na die prente te kyk en nie in die teks nie.

Voorbeeld: Watter soort troeteldier het Hannes?

7. Monitor van eie begrip

Voorbeelde:

- Het jy verstaan wat jy geles het?
(A+B)
- Watter deel het jy nie verstaan nie?
(A+B)

8. Kies die korrekte leesspoed

Voorbeeld:

- Het jy die leesstuk vinnig of stadig geles? Hoekom? (A+B)

9. Aanpakstrategieë vir onbekende woorde

Voorbeelde:

- Wat het jy gedoen toe jy by 'n woord kom wat jy nie kon uitspreek nie? Gee 'n voorbeeld. (A+B)
- Wat het jy gedoen toe jy by 'n woord kom wat jy nie verstaan het nie? Gee 'n voorbeeld.

10. Identifikasie van die hoofgedagte

Voorbeeld:

- Sê in een sin waarom hierdie leesstuk gaan.

11. Identifisering met karakters

Voorbeeld:

- Was jy al in dieselfde situasie as Hannes? Het dit wat met Hannes gebeur het, al met jou gebeur? Vertel wat gebeur het.
- Hoe dink jy het Hannes gevoel toe hy die koek laat val het?

12. Die gebruik van verbeelding

Voorbeelde:

- Beskryf die prentjie wat jy by hierdie leesstuk sou teken of teken die prentjie. (B)

- Verbeel jou jy is in 'n dieretuin. Wat hoor, sien en ruik jy?(A)

13. Parafraseer

Voorbeeld:

Skryf of sê die sin in jou eie woorde.

14. Opsomming


Voorbeeld:

- Maak 'n skriftelike opsomming van die leesstuk. (A+B)

15. Die opstel van 'n prikkelkaart of ander visuele voorstelling ("mindmap")

Voorbeeld:

- Teken 'n diagram wat die gebeure in die leesstuk uitbeeld. (A+B)



Zak bak koekies

Zak moet die bure se klein katjie (Bessie) oppas. Vroeg oggend besluit hy om koekies te bak.

Hy haal die resep uit. Hy kry al die bestandele reg en toe begin die groot werk. Meel, margerine, suiker, eiers, melk, bakpoeier, 'n knypie sout en klapper. Die margerine word eers in die meel ingevryf dan word die suiker bygevoeg.

Die 3 eiers word goed geklits saam met die melk. Dan word dit goed ingemeng by die ander bestandele.

Met al die bestandele goed gemeng begin Zak die deeg uitrol. Bessie gebruik 'n vormpie om die koekies uit te druk. Zak smeer die bakplaat met margerine en die koekies word nou op die bakplaat gesit.

Dit word in die oond gebak vir 15 minute ('n kwart uur) tot goudbruin. Die klapper koekies se reuk hang in die lug. Sjoë, maar hulle gaan almal baie lekker eet.

1. **(Voorspelling)**

Kyk na die prentjie en/of die opskrif.
Waaroor dink jy handel hierdie leesstuk?

2. **(Afleidings maak)**

Hoekom dink jy moes Zak die bure se katjie oppas?

3. **(Agtergrondkennis)**

- Skryf vyf woorde waaraan die titel van die verhaal jou laat dink, neer.
- Het jy al voorheen koekies gebak?

4. **(Monitor van voorspelling)**

- Het dit wat jy voorspel het, gebeur?

5. **(Identifisering van die leesdoel)**

- Waarom gaan jy die leesstuk lees?

6. (visuele leidrade)

Hoeveel koekies het Bessie al uitgedruk en op die bakplaat gesit?

- Dink jy Bessie geniet dit om koekies te bak?

7. (Monitor van eie begrip)

- Het jy verstaan wat jy gelees het?
- Watter deel het jy nie verstaan nie?

8. Aanpakstrategieë vir onbekende woorde

Voorbeelde

- Wat het jy gedoen toe jy by 'n woord kom wat jy nie kon uitspreek nie?
- Wat het jy gedoen toe jy by 'n woord kom wat jy nie verstaan het nie? Gee 'n voorbeeld.

9. Identifisering met karakters

- Het jy al saam met iemand koekies gebak?
- Watter koekies het jy al gebak?

- Het jy al gesien hoe iemand koekies bak?

10. Die gebruik van verbeelding

Beskryf die prentjie wat jy by hierdie leesstuk sou teken of teken die prentjie

11. Parafraseer

Skryf of sê spesifieke sinne/paragraaf in jou eie woorde.

12. Opsomming

Maak 'n skriftelike opsomming van die leesstuk.

13. ("mindmap")

Teken 'n diagram wat die gebeure in die leesstuk uitbeeld.

14. Stillees as strategie

- Leesbegrip word geassesseer nadat leerders die teks hardop gelees het?